

HOëRSKOOL OUTENIQUA

Taalbeleid

Verwysingsnommer	4
Eienaar	Beheerliggaam
Status	Goedgekeur
Goedgekeur deur wie	Beheerliggaam
Datum van goedkeuring	
Wysigingsdatum	
Hersieningsdatum	
Voorsitter van die Beheerliggaam	DM Redelinghuys
Handtekening van Voorsitter van die Beheerliggaam	

Hierdie dokument is die Taalbeleid van Hoërskool Outeniqua soos die beheerliggaam goedgekeur het. Die beleid is opgestel in ooreenstemming met die toepaslike bepalings van die :

1. Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996;
2. die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996 (hierna 'die Skolewet');
3. Wet op die Nasionale Onderwysbeleid, Wet 27 van 1996;
4. Wes Kaapse Provinsiale Wet op Skoolonderwys, Wet 12 van 1997;
5. Norme en Standaarde vir Taalbeleid in Openbare Skole, GK 1701 in Staatskoerant 18546 van 19 Desember 1997.
6. Alle relevant regulasies tot bogmelde Wette;
7. Die Missie en die Visie van Hoërskool Outeniqua.

1. WOORDOMSKRYWING

In hierdie dokument, tensy anders bepaal of uit die samehang anders blyk, het woorde en uitdrukkings dieselfde betekenis as in die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996) en beteken :

1.1 "beheerliggaam": die beheerliggaam van die skool soos voorsien in artikel 16 van die Suid-1.2 Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996);
1.2 "Grondwet": die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996);
1.3 "skoolhoof": die prinsipaal van die skool soos bedoel in die Suid-Afrikaanse Skolewet, asook 'n opvoeder by die skool wat met goedkeuring van die skoolhoof en die beheerliggaam namens die skool handel;
1.4 "regulasies": die norme en standaarde vir taalbeleid in openbare skole;
1.5 "taal-in-onderwys" soos deur die Minister van Onderwys in die Staatskoerant afgekondig;
1.6 "skool": die Hoërskool Outeniqua;
1.7 "taalbeleid": die taalbeleid in hierdie dokument vervat.

2. UITGANGSPUNT EN BASIS

Die uitgangspunt en basis van die taalbeleid is dat volle effek gegee moet word aan al die fundamentele regte ten aansien van taal van leerders in onderwysverband soos in die algemeen erken in die Handves van Regte van hoofstuk 2 van die Grondwet en spesifiek vermeld in artikel 29(2) van die Grondwet.

3. TAALBELEID ONDERHEWIG AAN ANDER WETLIKE BEPALINGS: UITLEG VAN TAALBELEID

3.1 Die taalbeleid is onderhewig aan die bepalings van die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996), die Wet op Skoolonderwys van die Provinsie Wes-Kaap (Wet 12 van 1997 soos gewysig met Wet 7 van 2000) en die Regulasies vir sover dit bindend op die skool is.
3.2. Die taalbeleid word so uitgelê dat dit met ander toepaslike en geldige regsbepalings oor taalgebruik in onderwys versoenbaar is.
3.3 Sonder om die algemeenheid van artikel 2.1 te beperk, is dit die uitgangspunt van die taalbeleid dat die beste belange in onderwysverband van die leerders van die skool gedien moet word en dat daar nie op enige relevante grond onbillik of onregverdig teen enige leerders gediskrimineer mag word nie.

4. TAALGEBRUIK BY DIE SKOOL

4.1 Die skool is 'n enkelmediuminstelling soos bedoel in artikel 29(2) van die Grondwet.

4.2 Behoudens die bepalings van die taalbeleid, is die onderrigtaal by die skool Afrikaans (soos na verwys in artikel 6(1) van die Grondwet).

4.3 Die taal waarin die skool bedryf of bestuur word, is Afrikaans:
met dien verstande dat kommunikasie met buitestanders in enige taal kan plaasvind soos deur die omstandighede vereis en wat redelikerwys doenlik is.

5. BEVORDERING VAN VEELTALIGHEID

5.1 Die skool bevorder veeltaligheid deur die aanbieding van Engels as keusevak vir grade 8 – 12 leerders (Huistaal of Eerste Addisionele Taal)

5.2. Die aanbieding van die vakke in artikel 5.1 na verwys, geskied sover moontlik in die betrokke taal self.

5.3 In die algemeen neem die skool redelike stappe om leerders in te lig oor die belangrikheid van veeltaligheid en om die aanleer van respek vir ander tale as die huistaal te bevorder.

6. Wysiging van beleid

Die skoolbeheerliggaam kan hierdie beleid van tyd tot tyd wysig, aanvul, aanpas of verander.

DM Redelinghuys
Voorsitter van die Beheerliggaam

2015 . 12 . 04
Datum

C Vorster
Skoolhoof

2015 . 12 . 04
Datum